

Woensdag 29 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4:1-8

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:6-8

Na 'n kruis 'n kroon

Op die vooraand van Paulus se teregstelling bemoedig hy sy geestelike kind, Timoteus, om te volhard in die geloof deur drie beelde te gebruik: 'n offer (:6), 'n wedloop (:7) en 'n kroon (:8).

'n Offer: Paulus sê dat hy as drankoffer uitgegiet word. Die bedoeling van 'n drankoffer was dat die offer in jou plek kom staan. Simbolies giet jy jouself vir God uit. Jy offer jou op. Paulus se lewe was een stuk weggee aan die Here. Sal dit ook aan die einde van jou lewe gesê kan word dat jy jou aan die Here weggegee het?

'n Wedloop: Hy sê verder dat hy die wedloop afgelê het en die wenstreep bereik en enduit volgehou het. Met “wedloop” en “wenstreep” gebruik hy woorde wat heenwys na 'n stoeigeveg en hindernis- en maratonwedloop. Paulus se geloofslawe was nie maklik nie, dit was vol geloofstryd en –inspanning wat elke gelowige te wagte kan wees. Maar, in hierdie geloofstryd is jy nooit alleen nie – God hardloop as't ware die wedloop saam met jou! Sy Gees sal altyd by ons wees (Joh. 14:16); en Jesus knik sy kop: “*Onthou, Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld*” (Matt. 28:20).

'n Kroon: Ons is geneig om in die wedstryd van die lewe in die hindernisse, die pyn, seer en swaar van die lewe vas te val. Daarom die oproep: “*Nou wag die oorwinnaarskroon vir my: die lewe by God.*” Eintlik staan daar dat dit 'n kroon van vryspraak is. Natuurlik oorwin Paulus in en deur die vryspraak van Christus Jesus. Paulus sê verder dat die vryspraak ook bedoel is vir almal wat in afwagting op die koms van Christus leef.

As Christus jou kroon van vryspraak is, sal jy ook opgeneem word in heerlijkheid – ná al die kruise van die lewe wag die kroon van vryspraak. Glo jy dit?

Sing: Skrifbelyning 18-6:1, 3, 5

Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)